

Inhou Hierdie preek wys dat ons heiligmaking is om aan te hou sukkel met ons roeping teenoor God in die sekerheid dat ons reg en heilig is vir sy liefde. Wie in hierdie geloof leef, word nie moeg en sak nie uit sy roeping teenoor God uit nie. Wie glo dat hulle vir God beter moet word sodat God hul nie meer moet laat sukkel met hul roeping nie, sak uit en gee op teenoor die eise van die lewe. Gelowiges gee hulle nie oor aan die vernieling van die “Afrikadroom” nie, maar bly hul roeping vervul ten spyte van die vernieling deur die “Afrikadroom”

Skriflesing Heb. 4: 3. 9 – 11; 12:1 – 3, 12 – 14; 11: 1, 23 – 28.

Teks Heb. 12: 3 Dink inderdaad aan Hom ... sodat julle nie geestelik moeg raak en uitsak nie.

Tema Die Here Jesus laat ons rustig sukkel met ons roeping

1. Rustig sukkel met wat jy moet doen of moeg gesukkel met wat jy besig moet wees! Dit is die twee lewensmoontlikhede wat vir die gelowiges aan wie die boek Hebreërs geskryf is, oopstaan. Om rustig aan te hou sukkel of sielsmoeg gesukkel uit te sak!

Hierdie twee lewenshoudinge sien ons baie keer met die langafstande in atletiek by laerskole. Jy sien een kind regtig sukkel en agterraak, so ver dat hy sommer twee keer verbygegaan word, maar rustig so aanhou sukkel en wanneer hy klaarmaak dit met selfversekerdheid doen. Jy sien dan weer 'n ander kind wat sommer in die manier waarin hy hardloop wys dat hy spartel met homself en na 'n ruk sak hy uit die wedstryd uit.

Wat maak die verskil tussen een kind wat rustig aanhou sukkel en 'n ander wat moeggesukkel uitsak? Dit is nie dat die een liggaamlik moeër as die ander is nie. Hulle is liggaamlik beide ewe moeg!

Die verskil is die oupas en oumas op die paviljoen, en die pa's en ma's langs die veld! Hulle het hul kleinkinders en kinders aangemoedig om deel te neem, te oefen en aangery en kom kyk trots en liefdevol hoe die kinders hul talente gebruik en die uitdaging aanpak. Kinders wie so na hulle kan kyk terwyl hy moeg is, sukkel rustig voort in hulle guns.

Die kind wat geestelik spartel met homself, het gewoonlik niemand langs die veld of op die paviljoen wat na hom kyk nie. Hy moet alleen sien en kom klaar, of die pa wat langs die veld staan skree en raas omdat hy nie deel van die wenner is nie Sulke kinders sak geestesmoeg uit.

Die Here Jesus laat ons rustig sukkel met ons roeping

Christene het vir die Here as Leidsman en Voleinder wat trots en liefdevol met hulle is in hulle gesukkel om hul roeping teenoor die Here uit te leef, en daarom hou hulle rustig aan sukkel met hul roeping!

2. In die boek Hebreërs staan hierdie “aanhou sukkel met wat jy moet doen” in hoofstuk 11 en 12 in direkte samehang met hoofstuk 4. Hebreërs 4 wys hoe God ons rustig maak om aan te hou sukkel en Heb. 11 en 12 wys hoe ons voorbeelde en gee 'n oproep om nie moeg te word om te sukkel met jou roeping nie.

Moeg raak word genoem “geestelik moeg word” in die 1983 en nuwe direkte vertaling. Die 1953 stel die Grieks direk met die beskrywing dat ons siele nie met moeg raak nie. Siele hier staan dan in direkte kontras met fisiese en emosionele moegheid.

In ons voorbeeld van die twee kinders is beide die kind wat aanhou sukkel en die kind wat moeg uitsak, al twee ewe fisies en emosioneel ewe moeg. Terwyl hulle al twee ewe fisies en emosioneel moeg is, hou die een aan sukkel en die ander val uit. Dit wys ons wat is die werklike verskil tussen die twee. Die een is sielsmoeg en die ander is sielsrustig.

Wat maak die verskil tussen hierdie sielsmoegheid en sielerus? Dit is Jesus die Leidsman en Voleinder van die geloof. Dit is Hy wat jou met jou talente aan jou roeping verbind het, jou in jou roeping oefen, wat jou bystaan en met jou is in jou roepingsvervulling.

Deur jou geloofsoog op Hom wat so met jou is te hou, maak Hy jou in jou siel en gees rustig.

3. Hoe?

In Hebreërs 4 word dit beskryf as dat Jesus het ons in God se rus laat binnegaan. Die Sabbat as rusdag was nog altyd 'n teken dat God rustig God is vir sy skepping en sy volk. Het u al ooit gedink hoe groot is God se werk as God waarmee Hy elke oomblik besig is? Hy moet van elke sel van elke lewende organisme tot elke Galaksie in die heelal sorg dat alles reg en goed verloop. Sou een atoom uit plek raak kan dit die hele aarde met 'n atoomontploffing vernietig! Sou een sonnestelsel of galaksie uit plek uit raak, kan dit die hele skepping ontwig!

Dink u God is gestres om so vir alles en almal God te wees? Die Sabbat wys ons God is rustig God! Hy is rustig besig om alles te onderhou wat Hy gemaak het sonder enige stres.

En ons met ons sondes? Ontwig ons God so met ons ons sondes dat Hy nie meer weet hoe om God te wees vir mense omdat hulle sondaars is nie? Ontwig ons Hom só met ons sondes dat Hy so moeg gesukkel en moedeloos is dat Hy Hom van ons

Die Here Jesus laat ons rustig sukkel met ons roeping

sy skepping onttrek en ons alleen los, net soos ouers nie meer na hul kinders gaan kyk en hul bystaan in atletiek nie? Ontwrig ons sondes hom so dat Hy as God sy eer en krag as god so verloor dat Hy ons dreig, en op ons skree en vloek omdat ons Hom uitstres?

Dit is net nie waar nie. God weet hoe om vir sondaars God te wees sodat hulle sy rus kan ingaan! God is rustig God vir sondaars! Jesus Christus laat God rustig God vir sondaars wees, deur hulle vir sy liefde te heilig (Heb. 2: 11), al gee hulle nog aan versoekings toe. (Heb. 2: 18)

Dit is hoe God rustig ons God is – Hy maak en laat ons heilig vir sy liefde wees deur Jesus Christus se offer vir ons sondes – eenkeer, eens en vir altyd. (Heb. 10: 10, 14 direkte vertaling)

So maak God ons sy rustige kinders – omdat ons God ken as die God wat rustig ons god is al doen ons nog sonde. Ons het God se rus binnegegaan deur ons geloof dat ons rustig sy kinders bly omdat Hy rustig ons God is, nooit uitgestres oor ons nie.

4. Geloof in die boek Hebreërs soos aangekondig in Hebreërs 11 vers 1 die geloof waardeur ons rustig aanhou sukkel met my roeping waarvoor god my in sy diens gebruik.

Daarom gaan geloof in Hebreërs oor die geloof dat ek reg (11: 7) en heilig (10: 10, 14) is vir God, en terselfdertyd dat ek geroepe is tot diens aan God. Om die Onsienlike te sien is juis om te sien dat Jesus Christus my reg en heilig maak sodat ek onbevange kan besig wees met sy roeping as mens teenoor God.

Hiervan is Moses en sy ouers vir ons voorbeelde: reg en geroepe tot diens!

Daarom het sy ouers nie die wette en strawwe van die Farao, die magtigste heerser van die bekende wêreld gesien toe hulle na hul babatjie gekyk het nie. Hulle het die onsienlike gesien: hulle is vir God reg en moet vir die baba wat Hy vir hulle gegee het as ouers sorg. Daarom was hulle nie bang om die Farao se wette te verontagsaam nie.

In hierdie geloof het hulle rustig bly sukkel om Moses in 'n mandjie met pik waterdig gemaak tussen riete in die Nylrivier groot te maak. Elke ma weet hoe moeilik dit is met opstaan en kosgee as jou baba in jou huis is. Hier moet hulle Moses versorg terwyl hulle moet maak asof hulle nie 'n baba het nie en hom in 'n rivier kos gee en beskerm. Rustig besig om te sukkel om hul roeping teenoor God met hul baba na te kom! Daarom hou hulle aan en gee Moses nie oor aan die soldate van die Farao nie.

5. Moses het die onsienlike gesien – die Here as Leidsman en Voleinder van sy geloof om nie die volgende Farao te wees nie, maar die leier wat God se volk onder die mag van die Farao uitlei na hul beloofde land.

Die Here Jesus laat ons rustig sukkel met ons roeping

Ons begryp nie regtig wat dit beteken dat Moses nie as die seun van Farao se dogter bekend wou wees nie. Dit beteken hy was bestem om die volgende Farao te wees, die magtigste man op aarde, verteenwoordiger van die songod met al die krag en mag van God self. Hy sien nie hierdie goddelike mag nie, maar sy roeping en diens om leier van die uittog te wees. Rustig besig om aan te hou sukkel met die dieselfde behandeling as een van die slawe, eerder as die gerif en weelde van 'n Egiptiese prins. Rustig besig om aan te hou sukkel met die geweld, minagting en vernedering van 'n slaaf omdat hy sien hy is reg en geroep deur God.

Moses het die Onsienlike gesien!

Daarom het hy volhard in sy roeping teenoor die Here om die volk uit Egipte na Palestina toe te lei. (Heb. 11: 27) Hy het rustig bly sukkel met die gekla en weerspanning van die Jode en rustig bly sukkel met die Farao.

In hierdie rustige volharding het hy die Pasga ingestel en deur die Rooi See getrek.

6. Streef na heiligmaking, is die oproep waarvan Moses vir ons 'n voorbeeld is. Hoe is Moses en sy ouers voorbeelde van mense wat na heiligmaking streef?

Hulle is gelowiges wat hulle roeping teenoor God vervul in die vertroue dat hulle reg en heilig is vir God! Dit is hoe 'n mens heilig leef, om jou roeping te vervul in die sekerheid van jou heiligheid in God se liefde vir jou. Moses se ouers het heilig geleef deur hul baba nie deur die soldate te laat doodmaak nie, aan die wette van die Farao ongehoorsaam te wees en hul kindjie te versteek en te versorg. Dit is hoe hulle heilig geleef het – hul het hul roeping as ouers teenoor God na gekom.

Moses het heilig geleef deur nie as Egiptiese prins betower te raak met die toekomstige mag om Farao te wees nie, deur nie bang te wees vir die Farao en Israel wet te lei uit Egipte na die beloofde land toe.

Om aan te hou sukkel met jou roeping teenoor God in die geloof jy is vir God reg en heilig deur die offer van Jesus Christus, is hoe gelowiges heilig leef.

Om heiligmaking na te streef kan nooit beteken om daarna te streef om reg en heilig vir God te word of al meer en meer reg en heilig vir God te word nie. Moses se ouers het nie hul baba weggesteek, versorg en die koning se wette verbreek om al regverdiger en heiliger te word nie. Hulle het hul roeping teenoor God as ouers vervul as ouers wat Hy vir Hom self en sy diens geheilig het.

7. Dit is juis net die rede hoekom mense sielsmoeg word en uitsak met die gesukkel met hul lewe vir en roeping teenoor die Here. Dit is soos daardie twee kinders wat hardloop om die veld. Die een hardloop omdat hy weet sy oupas en oumas kyk vir

Die Here Jesus laat ons rustig sukkel met ons roeping

hom en sy pa en ma moedig hom aan. Hy kan maar aanhou sukkel met sy wedstryd in die wete sy gesukkel is volmaak.

Die ander kind spartel sielsmoeg om so goed te doen en te prester, dat sy ouers en grootouers dalk eendag sal kom kyk en hom aanmoedig omdat hy 'n wenner is. Wanneer hy sien hy is nie die wenner nie, weet hy dat hy nooit so goed sal presteer dat hulle in sy prestasies sal kom wil deel nie. Daarom raak hy sielsmoeg en sak uit. dit help tog nie om hulle te laat kom kyk nie.

God weet hoe om rustig God te wees vir die Moses se sondige ouers en vir Moses as sondaar. Hulle moet nie geestelik presteer en hul self meer reg en heilig vir God maak sodat God weer kan ophou stres en net weer kom God wees vir 'n slag vir hulle nie. In die wete dat God weet hoe om rustig god vir sondaars te wees deur die een volmaakte offer van Jesus Christus, kan hulle hul toelê om ouers vir hul kind te wees en Moses hom toelê om leier te wees van die uittog uit Egipte. Hul roepingsvervulling is hoe hul in hul heilighede vir God leef.

8. Wie die Onsienlike sien – Jesus Christus wie rustig God vir ons is, die Leidsman en Voleinder in die geloof dat ons heilig is in ons diens en roeping vir God, met hulle gebeur daar iets totaal verrassends.

Kyk wat sê die Here vir hulle: “Tel julle sal hande en lam knieë op, en maak 'n reguit pad!

Dit is totaal anders as die tipiese geestelikheid vandag. Volgens hierdie tipe geestelikheid moet God hulle moegheid eers met energiedrankies behandel het om die moegheid weg te vat sodat hulle weer fris en vars is om te kan hardloop. In hierdie vroomheid moet god kom en vir jou sy goddelike krag, mag en lewe gee wat jou weer somer van kragvolheid laat bokspring. Eers dan kan jy weer volheid jou wedloop hardloop.

Maar dit is glad nie wat die Here doen nie. Hy vat nie hulle moegheid weg en gee hulle nuwe goddelike kragte en magte om fris en vars te wees nie. Die Here daag hulle om na hom te kyk en hul moeë slap hande op te tel en aan te gaan met wat hul moet doen in hul moegheid. Die Here daag hulle om hul moeë lam knieë op te tel in hul moegheid en voort te gaan met hul gesukkel!

Dit is mos presies wat met so 'n kind op die baan gebeur! In sy moegheid kyk hy en sien sy oupa en oma kyk trots en bly na hom en sy pa en ma moedig hom aan. En dan tel hy in sy moegheid sy slap hande en lam knieë op en hardloop verder in sy moegheid!

Hy maak 'n pad waar daar in sy moedheid nie meer 'n pad was nie!

Die Here Jesus laat ons rustig sukkel met ons roeping

En dit maak hom gesond! Nie goddelike krag ten magte nie, maar om deur sy moegheid weer sy slap hande en slap knieë op te tel. Dit maak hom weer gesond om uit sy sielemoegheid weer op te staan en voort te gaan, om aan te hou sukkel met sy roeping.

9. Dit is hierdie uitdaging en oproep waarvoor ons as landbougemeenskap in Levubu en daarom ook in elke produksiebedryf in die land staan: tel op julle slap hande en knieë en maak paaie waar daar nie paaie is nie! Dan sal julle gesond word!

Ons moet ons besondere posisie in Levubu as landbouproduksie gemeenskap binne die roeping van God met ons kan raaksien.

Ons word van alle kante bedreig deur die “Afrika-droom”. Hierdie Afrika-droom wys tasbaar in die verskil tussen die vervalde plaashuise op die grens met Venda. Net teenoor hierdie vervalde plaashuise staan lanings van drie-verdieping huise wat deel is van die verstedeliking van die Venda gemeenskap, net soos met elke ander Afrika-gemeenskap dwars oor die land.

In effek is ons al ’n landhougebied wat deur verstedeling omring is!

Maar die mense wat in hierdie verstedeliking hul eie huise en woongebiede oprig in die soeke na ’n beter lewe uit die krag van ’n Westerse ekonomie, leef nog met die droom van oop en uitgetrekte vlaktes vol wild, riviere vol visse, bosryke gebiede vol bome en vry grond waar elkeen weer soos in die verlede ’n bestaansboerdery kan voer. En hulle wat nou hierdie bestaansboerdery wil bedryf is onderwysers, besigheidsbestuurders en regeringsamptenare wat met luukse motors tussen Levubu, Pretoria en Pietersburg rondry.

Die werklikheid van hierdie “Afrika-waan en heimwee” is dat ons plase vir hulle die droom van oop en onbewoonbare vlaktes vir hulle bestaansboerdery en jag en versamel bedryf moet wees. Dit is die droom waarmee hulle ons plase wil vat om weer hulself te kan wees soos hulle hul self in die verlede was. Dit is in en met hierdie droom dat ons wat ons geplunder, besteel, geroof, gemoor en verniel word.

Vir hierdie Afrika-romantiek is ons as landboubedryf in Levubu seker een van die grootste brandpunte – hier kom twee geestelike kontinente soos twee tektoniese plate bymekaar in foutlyne wat aarskuddings veroorsaak.

En net voor u besluit hierdie waarneming oor verstedeliking en terughunkering as droom is rassisties, moet ons net hierdie selfde “plaasdroom” van ons eie voorgeslag onthou. Dit het met ons eie gesin gebeur. Ek, my broers en susters was al die derde geslag verstedelikte Afrikaners en my pa die tweede. Hy is gebore in die stad, het groot geword in die stad en sy bestaan gemaak in die stad. Hy het egter nes sy pa wat ook net in dorpe en stede grootgeword het, soos Beaufortwes, Parys en

Die Here Jesus laat ons rustig sukkel met ons roeping

Germiston nie op plase nie, gehunker om weer 'n plaas te hê, soos die ou familieplase waarop hulle altyd gaan kuier het in die Karoo.

Hierdie Afrikanerdroom van “terug-plaas-toe” het ons as gesin op 'n plot laat opeindig. So wou my pa sy plaasdroom uiteleef terwyl hy eintlik 'n suksesvolle sakeman was. En glo my, sy plaasdroom en ons plot was twee wêreld uit mekaar. Hierdie hunkering was net 'n teruggryp na die verlede wat niks met die eise van die lewe in die stad as werklikheid meer te doen gehad het nie. Die “Afrika-droom” wat alles om ons verniel is dieselfde as ons eie plotkultuur as ons plasies.

10. Wat en wie sien ons hier in Levubu elke dag raak?

Want wie en wat ons sien sal die verskil maak tussen om rustig te sukkel met jou roeping teenoor God en om sielsmoeg gesukkel net uit jou roeping teenoor God uit te sak.

Sien ons die Here as ons Leidsman en Voleinder vir wie ons reg en heilig is, sal ons ons roeping sien om voedselproduksie vir die gemeenskap te bedryf, en dit sal ons ook so elke ander bedryf waartoe die Here ons geroep het laat raaksien.

Wie die Here so raaksien, sal net soos daardie kind wat sy ouers langs die veld raaksien, sy slaphande en knieë optel en 'n pad maak om sy diens te lewer deur elke plundering, diefstal, roof, aanval, vernieling en brande te kan lewer, al is ons en bly ons moeg vir wat met ons gebeur. Ons sal rustig aanhou sukkel met wat ons vir die Here moet doen.

Wie gaan uitsak?

Hulle wat glo hulle moet al vriendeliker met mense wees, mense al hoe beter behandel sodat hulle vir God al heiliger kan word, en dan sal God hierdie gesukkel wegvat! Hulle wat glo dat God hulle met 'n nuwe toegewyde lewe waar hulle al meer en meer vir God heiliger word, met goddelike kragte, magte en lewe sal vervul sodat hulle nie meer moeg gesukkel is nie, maar sommer net weer vars en vrolik in hierdie landboubedryf gaan wees! Hulle gaan sielsmoeg uitsak en hul roeping versaak. Want hulle gaan hulle self nooit so vir God beter maak dat hul nie meer met hul roeping gaan sukkel nie.

11. Kom ons tel ons slap hande en knieë op in al ons vermoeidheid en hou aan sukkel met ons roeping – landbouproduksie en die produksie van alle lewensmiddele in elke beroep waarin ons is.

Kom ons gaan maak paaie deur hierdie onbekendes heen en skep uitkomst waar dit lyk of die Farao's en hulle magte vir ons grense trek en mure bou wat onoorkoomlik is. Selfs paaie in ander lande en ander beroepe waarin ons nog steeds

Die Here Jesus laat ons rustig sukkel met ons roeping

bly wie ons is – gelowiges wie aanhou sukkel met roeping teenoor God omdat ons weet en sien ons is vir sy liefde reg en heilig.

Kom ons weer ons teen die waansinnigheid van die geestelikheid dat ons onself vir God reg en goed moet gaan maak, deur ons as offer oor te gee aan die “Afrika-droom.” Wie dit doen, sal sielsmoeg opgeoffer vir die magsdrome hierdie wêreld, uitsak uit hul roeping teenoor God.